Verwysing: 20190116-374
Lêernommer: 13/7/1/2
Navrae: C Klopper

Assesseringsbestuursminuut: 0002/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Praktiese Assesseringstake vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in 2019

1. Inleiding

1.1 Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het praktiese assesseringstake (PAT'e) in geselekteerde vakke opgestel. Hierdie PAT'e maak deel uit van die assesseringsvereistes vir die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen in 2019 wat in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) van elke toepaslike vak uiteengesit is.

1.2 Die PAT'e word intern by skole geassesseer en dan ekstern binne die provinsie gemodereer.

2. Vakke wat PAT'e insluit:

2.1 Landboubestuurspraktyke, Landboutegnologie

2.2 Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste

2.3 Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie

2.4 Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme

2.5 Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Ingenieursgrafika en -ontwerp, Meganiese Tegnologie, Tegniese Wetenskappe

3. Assessering van PAT'e

Die PAT-riglyne vir 2019 kan op die DBO se webwerf afgelaai word deur die volgende skakel te gebruik:
https://www.education.gov.za/Curriculum/Grade12PATS2019.aspx
(of verkry toegang tot die DBO se tuisblad en klik op *Practical Assessment Tasks* en klik dan op *2019 Grade 12 PATs*).

3.1 Die PAT-riglyne moet aan die betrokke vakonderwysers voorsien word sodat hulle hierdie dokumente kan gebruik om, vir die implementering van hierdie assesserings gedurende die eerste drie kwartale van 2019, te begroot en te beplan.

3.2 Die betrokke vakadviseurs en senior kurrikulumbeplanners sal deur die loop van die jaar ondersteuning bied. Skole moet dus toesien dat die betrokke onderwysers die distriksvergaderings bywoon wat oor die assessering en moderering van PAT'e handel.

4. Prinsipale en amptenare van onderwysdistrikte moet toesien dat die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van personeel, ouers en leerders gebring word.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2019-01-26